# Herdenk

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**






**<u>INLEIDING:</u>**

Kwartaal temas 2026

| Kwartaal | Fokus | Detail | Sosiaal |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | **Herdenk** | **Ou testament<br>+ Lydenstyd** | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

"Maak klaar gaan Bet-El toe"

As ons vir 'n reis gereed moet maak om God iewers op aarde te gaan ontmoet,

hoe sal julle voorbereiding lyk?

Mag dié herdenk pad ons bring tot 'n

inkyk en opkyk na die lewende God.

Onthou:

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig** (*soos Sondag se teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 15 Februarie 2026
Tema: **Verbondstaal in 2026**




**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Prys die Here vir Sy Almag, grootheid en liefde vir Sy skepping
- Bid dat Sy wil geskied in julle groep dié jaar
- Tree in vir ons dorp, omgewing (reën), en persoonlike geloofsverhoudinge.

3. **Gestuur**

Beplan om iets bymekaar te maak en te stuur vir die stuursel (sending projek) wat jul ondersteun.

## Skrif:

**Teks: (Lees die hele Genesis 35:1-15 saam)**

**GENESIS 35**
[1] God het vir Jakob gesê: "Maak jou klaar en gaan na Bet-El toe en bly daar.
Bou vir My daar 'n altaar.
Ek is die God wat daar aan jou verskyn het toe jy vir jou broer Esau gevlug het."

## Kengedagte:

- "Kom na My toe...... "

Deel met mekaar wat vir julle uitgestaan het in Gen 35:1-15




**Skrif:**
**Teks: Genesis 35:2**

"Toe sê Jakob vir sy hele huis en vir almal by hom: "Haal uit al die afgodsbeelde wat by julle is. Reinig julle en trek ander klere aan."

Dink na en praat elk in stilgebed met die Here oor wat daar in elkeen se lewe is wat reggemaak moet word of verwyder moet word. (*Kyk na God se reaksie op dit in 32:5*)

*Notas*

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

GENESIS 35:3

Ons moet klaarmaak en Bet-El toe gaan. Daar moet ek 'n altaar gaan bou vir die God wat my gebed verhoor het toe ek in die moeilikheid was en wat by my was waar ek ook al gegaan het."

**Jakob moes 'n altaar bou as getuienis**

**Hoe kan julle vir God dankie sê,** dat Hy by julle is en ook dankie sê dat Hy in julle lewe gebede aanhoor en antwoord tot Sy eer?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________




Soos in vers 10 het ons ook ‘n naamsverandering as christen en dit moet my hele lewe impakteer.

SAAM MET ‘N NAAMSVERANDERING KOM ‘N VERANTWOORDELIKHEID EN OPDRAG

Ons opdrag in 2026 as God se verteenwoordigers is duidelik. – “Gaan dan heen maak dissipels.....”

**Konkrete daad:**

- Jul bid nou al geruime tyd hieroor. Begin en beplan die vorming van ‘n nuwe groeigroep.

**Gebed**

Dankie Here dat U my ons is. Dankie dat ons U Naam as Christene mag dra en uitdra. Dankie dat ons ons harte vandag mey u kon deel om nog nader aan U te leef. Lei ons om dit ook met ander te deel.

---